

OLD MUTUAL SUPERFUND

MEMBER NEWSFLASH

Ons heel eerste **Old Mutual SuperFund-nuusflits vir Lede** is hier!

Een bladsy elke maand om jou te herinner aan die ABC's en 123's van goeie finansiële keuses. Dit sal jou ook op hoogte hou van relevante nuus uit die bedryf.

"SPAAR SOVEEL JY KAN, VIR SOLANK JY KAN!"

Ja, jy het dit waarskynlik al tot vervelens toe gehoor. Maar dit is net omdat hierdie stelling 100% waar is.

Kom ons begin by die Goue reëls van spaar wat jy altyd moet onthou:

- **Eerstens, begin vroeg spaar...**
Dit laat die krag van saamgestelde rente toe om vir jou te werk.
- **Betaal die maksimum wat toegelaat word as bydrae tot jou maatskappy se aftreefonds (en wanneer jy van werk verander, MOENIE hierdie spaargeld vir kontant onttrek nie)**
Spaar soveel jy kan, van so vroeg jy kan, vir solank jy kan met hierdie voorbelaste geld.
- **Bestee minder as wat jy verdien en betaal jouself eerste**
So moeilik as wat dit mag klink – Warren Buffet sê "Moenie spaar wat oor is nadat jy alles gekoop het wat nodig is nie, maar koop met wat oor is nadat jy jou spaargeld weggesit het."
- **Laastens, jy is jou eie grootste bate**
Jaag persoonlike groei en kundigheid na en besef dat jy in beheer van jou finansiële toekoms is.

Vir 'n voorbeeld ter illustrasie van die voordele daarvan om vroeg te begin spaar, lees die aanhangsel hieronder.

WERK JOU KONTAKBESONDERHEDE BY

Laat jou Personeeldepartement, of die Old Mutual-inbelsentrum (0860 20 30 40) asseblief weet indien jou kontakbesonderhede (e-pos, posadres en selfoonnommer) verander het.

HET JY GEWEET

Old Mutual SuperFund het die Instituut van Aftreefondse (IAF), Afrika se 2015-toekenning vir Beste Praktijk in die Bedryf in die kategorie vir Korporatiewe Regering deur Fondse gewen.

DO GREAT THINGS



OLDMUTUAL

Indemnity

While every effort has been made to ensure that the information in this newsletter is correct, Old Mutual Superfund Pension and Provident Funds and Old Mutual take no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of their reliance on the information contained herein.

OLD MUTUAL SUPERFUND BYLAE




WAT IS DIE VOORDEEL DAARVAN OM VROEG TE BEGIN SPAAR?

- Hoe gouer JY begin spaar, hoe minder hoef jy per maand te spaar!
- Deur jou begindatum van spaar met 10 of 15 jaar uit te stel, sal JY onderskeidelik 3.7 keer en 8 keer meer moet spaar!
- Deur meer te spaar, kan JY jou spaardoelwit gouer haal.

Bogenoemde feite word onderskryf deur die krag van saamgestelde rente. Om hierdie krag van saamgestelde rente te benuit, spaar soveel jy kan, van so vroeg jy kan, vir so lank jy kan.

VOORBEELDE VAN SAAMGESTELDE RENTE:



IS JY REG OM TE BEGIN SPAAR?

DO GREAT THINGS



OLDMUTUAL